

**26 Julie**

**Hosea 14:5-10**

(Teks: 14:5 en 6)

***God is ons lewensbron, daarom groei ons in skoonheid en in krag***

Ons skryf so maklik 'n kind of 'n medemens af wat totaal verdwaal het. By ons is daar 'n punt waarby jy verby kan gaan sonder dat herstel moontlik is. Nie God nie. God se strengte oordeel beteken nooit die einde van sy liefdesverhouding nie, al gaan Hy deur met sy oordeel.

God hou nooit op om ons van sy onsterflike liefde te oortuig nie. God red daar waar mense aan die einde van hulle eie krag gekom het. God bring insig waar die vermoë om insig in jou lewe te kry ontbreek. Ons het in Hosea God se onuitblusbare liefde gesien en ons het God se ontvlambare toorn gesien teenoor verbondsverbrekers. Ons kan nooit liefde en toorn in ons lewe huisves nie. Ons het of lief of ons is toornig. God vergeet nooit van sy liefde as Hy toornig is nie.

Ons staan verstom voor die Almagtige God se onuitblusbare liefde vir sy kinders. Soos die profeet hier intree vir die volk se skuld, het Christus kom intree vir ons skuld.

Ons kan die vrug daarvan pluk. Met sy Gees maak Hy ons harte gesond sodat ons voluit vir Hom kan lewe. Hy maak ons soos die lelies in die woestyn wat nie net 'n heerlike geur versprei nie, maar wie se wortels vlak groei om al die dou van die nag op te vang. Ons leer om net van die lewensvog van God se genade en liefde te lewe.

Net so kan ons standvastig wees soos die Libanongebergtes en kan ons vasstaan teen al die aanslae op ons lewe.

Sing Psalm 92:6 en 7Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)